VOER VAN LÊHOENDERS

Epol®

DIE PERFEKTE BALANS

MEER OOR EPOL SE LÊHOENDERVOER

Epol het gespesialiseerde voerreekse vir die verskillende behoeftes van lêhoenderboere. Die vereistes van boere wissel volgens die produksievlakke en verskillende klimaatstoestande. Ons fokus is om die voer só te formuleer dat die maksimum wins op die plaas behaal kan word. Om die kostedoeltreffendheid van ons rantsoene te verhoog, het ons die ideale proteïenprofiel, met die korrekte verhouding tot energie, ontwikkel.

ONS FOKUS

- Optimale voedingsgebalanseerde rantsoen
- Korrekte liggaamsontwikkeling vir alle fases
- Teikenliggaamsgewig vir ouderdom
- Om eenvormige liggaamsgewig vir ouderdom te behaal
- Toepaslike veergroei
- Doeltreffendheid van die henne vir eierproduksie (voer-tot-eieromset) te verhoog
- Om gewig van eiers te verhoog

GROOTMAAK

Die voer en bestuur van jong henne gedurende die groeitydperk het 'n belangrike impak op eierproduksie en eiergewigte gedurende die lêtydperk. Foute wat tydens die groeitydperk gemaak word, kan tot swak eierproduksie lei en kan nie maklik gedurende die lêtydperk reggestel word nie. Derhalwe is die korrekte tydsberekening van dieetveranderinge nodig om te verseker dat liggaamsgewig en eenvormigheidsteikens behaal word. Die henne wat hulle teikengewig met volwassenheid bereik het, sal oor die algemeen die henne wees wat die beste produseer.

SLEUTELVOERWENKE

- Voer klein hoeveelhede voer op papier vir die eerste twee tot drie dae indien die voëls op die vloer grootgemaak word.
- Verwyder geleidelik die papier na gelang die voëls aan die voerbakke gewoond raak.
- Verskaf te alle tye vars en koel water.

LÊ

Epol se lêvoere is ontwikkel om konstante voedingstofinname te handhaaf en die doeltreffendheid van die henne vir eierproduksie, te verhoog. Na gelang troppe ouer word, verander hul voedingstofbehoeftes. Om te voldoen aan die veranderende behoeftes van die lêhen, is dit die beste om hierdie troppe vir die duur van die lêsiklus in fases te voer. Dit is belangrik om daarop te let dat voerverbruik afhang van omgewingstemperatuur, ras, humiditeit, die energievlak- en aminosuurprofiel van die dieet.

SLEUTELVOERWENKE VIR LÊHOENDERS

- Fasevoer word aanbeveel gedurende die lêtydperk om voerkoste te verlaag.
- Lêhoendervoere moet vanaf 18 weke, of by oorplasing na lêhokke en voordat die eerste eiers gelê word, *ad lib* gevoer word.
- Verskaf te alle tye genoeg vars en koel water.

LÊHOENDER VOEDINGSRIGLYNE

GROOTMAAKVOER

REEKS	KENMERKE		VOER / VOËL / DAG	VOER-TYDPERK
Sure-Lay Starter V668	Voerreeks met hoë proteïen- en energievlakke om optimale orgaan- en skeletgroei en -ontwikkeling vir die toekomstige lêhen te verseker.	Hoë vlakke van energie, proteïen, vitamiene en minerale om optimale groei vir hierdie stadium van die voël se lewe te verseker.	32 - 35 g	0-56 dae of 8 weke
Sure-Lay Grower V667		Effe laer proteïen terwyl die mineraalbalans soortgelyk aan die van die aanvangsdieet is.	48 - 50 g	57 dae tot oorplasing of 15 weke indien die **Epol Pullet Developer** aangebied word.
Epol Pullet Developer V19686	Verseker neerlegging van maer spierweefsel en liggaamsvetreserwes vir die vroeë aanvang van produksie. Die effens hoër kalsium verhoog die intramedullêre beenneerlegging en berei die jong hen voor vir eierproduksie. Medullêre been dien as 'n kalsiumbron waaruit die volwasse hen vinnig kalsium vir die vorming van eierdoppe kan verkry.		82 - 85g	16 - 18 weke

LÊHOENDERVOER

REEKS	GESKIK VIR:	REEKS	WET 36/1947 REG. NO.	VOERTYD-PERK
Sure-Lay	Gebruik op plase waar optimale eiergewig en doeltreffendheid (voer-tot-eieromset) die oogmerk is.	Fase I	16496	18 - 35 weke
		Fase II	16498	36 - 50 weke
		Fase III	16492	51 tot uitdunning
Sure-Lay Super	• Die boer wat daarna streef om eiergewig en doeltreffendheid (voer-tot-eieromset) te verhoog.	Fase I	16495	18 - 35 weke
	• Vryloop-eierproduksiebedrywighede waar henne aktiewer is, omdat dit hoër energievlakke bevat.	Fase II	16494	36 - 50 weke
	• Troppe wat swak grootgemaak is om produksievlakke op peil te kry.	Fase III	16493	51 tot uitdunning

A17073/AFR

EPOL Berlyn

Posbus 17, Berlyn, Suid-Afrika, 5660

Tel: +27(0)43 685-2111 Faks: +27(0)43 685-2114

www.epol.co.za

EPOL Pietermaritzburg

Posbus 1299, Pietermaritzburg, Suid-Afrika, 3200

Tel: +27(0)33 387-2460 Faks: +27(0)33 387-4779

www.epol.co.za

EPOL Pretoria-Wes

Posbus 19096, Pretoria-Wes, Suid-Afrika, 0117

Tel: +27(0)12 386-0469 Faks: +27(0)12 386-2147

www.epol.co.za

EPOL Rustenburg

Posbus 82318, Rustenburg, Suid-Afrika, 0300

Tel: +27(0)14 538-2832 Faks: +27(0)14 538-1865

www.epol.co.za

EPOL Worcester

Posbus 105, Worcester, Suid-Afrika, 6850

Tel: +27(0)23 346-6400 Faks: +27(0)23 346-6464

www.epol.co.za

EPOL PIETERMARITZBURG VERPAKKINGSDEPOT

Willowtonweg 17, Pietermaritzburg, Suid-Afrika, 3200

Tel: +27(0)33 387-2460 Faks: +27(0)33 387-4779

www.epol.co.za

www.rclfoods.com
RCL FOODS HOOFKANTOOR, TIEN THE BOULEVARD,
WESTWAY KANTOORPARK, WESTVILLE, 3629
POSBUS 2734, WESTWAY KANTOORPARK, 3635
REG NO 1966/004972/06